

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 24:1, 12-24

FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 24:16

Arauna – Die Here stuur vreemdelinge op jou pad

Hoeveel keer sien ons die gebaar of selfs woorde van 'n vreemdeling as vanselfsprekend? Hoeveel keer sien ons nie die hand van die Here raak in dit wat 'n vreemdeling op ons pad doen nie?

By die dorsvloer van Arauna gee die Here die opdrag dat die engel wat verwoesting onder die volk moes aanrig, sy hand moet terugtrek. Waarom juis daar? Dawid kies om eerder onder die hand van die Here te val, want sy genade is groot. Merkwaardig, selfs al word daar gestraf, soek hy steeds genade by God! Miskien was dit reeds die naam Arauna wat die Here se genade te voorskyn bring, want die naam Arauna herinner sterk aan Aroon, wat ark beteken, verbondsark. Die Here vergeet nie van sy verbond nie.

Dawid wou homself eer deur die volk te laat tel. Hy word gestraf, maar nie uitgeroei nie. Die Here is getrou aan sy verbond, maar Hy is ook regverdig. Daar moet versoening gedoen word. Daar moet geoffer word en Arauna, die Jebusiet, vreemdeling, heiden (vs 23: verwys hy na “u God”), word gebruik om die middele te voorsien. Daar op die dorsvloer van Arauna, waar koring en kaf geskei word, sou die tempel later deur Salomo gebou word. Daar by die dorsvloer van Arauna toon die Here genade.

Daar aan die kruis op Golgota toon die Here vir ons genade. Sy enigste Seun gee die middele. Sy offer was genoeg om ons uit die kloue van die dood te red. Genade op genade. Sien dit elke dag raak, ook vandag, in elkeen wat jou pad kruis, al is dit 'n vreemdeling.

Miskien is jy vandag die vreemdeling wat deur God gebruik word?

Sing: Psalm 146:7, 8 (1936)

Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)